Northern Cape
Department of Education

# GRAAD 10

# REKENINGKUNDE

# KONTROLE TOETS

# 13 MAART 2023

**TYD:** **90 minute**

**PUNTE:** **100**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en ‘n antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ‘Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1:**

1.1 Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Timber Winkels vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023.

Pas die beskrywing in KOLOM B met die korrekte beginsel in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A –E) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| **Beginsel** | | **Beskrywing** | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Paring | **A** | Diensgelde en kontanthanteringsfooi kan in een rekening naamlik “bankkoste” ingeskryf word. |
| 1.1.2 | Wesenlikheid | **B** | ‘n Bedrag van R5 000 moet afgeskryf word, omdat die kassier wat verantwoordelik is vir depositos nie opgespoor kan word nie. |
| 1.1.3 | Omsigtigheid | **C** | Die eienaar se persoonlike versekering is deur middel van die besigheid se debietorder betaal en as onttrekkings opgeteken. |
| 1.1.4 | Historiese koste | **D** | ‘n Bedrag verskuldig vir huur is aan die einde van die finansiële jaar as ‘n opgelope inkomste opgeteken. |
| 1.1.5 | Besigheidsentiteit | **E** | Alle vaste bates moet in die boeke teen die oorspronklike aankoopprys geboekstaaf word |

(5)

## 1.2 RATANG HANDELAARS

**GEVRA:**

Ontleed die onderstaande transaksies volgens die opskrifte wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien word.

**INLIGTING:**

Aanvaar die Banksaldo is **gunstig** vir al die transaksies

**TRANSAKSIES:**

**Voorbeeld:** Koop toerusting kontant, R5 000.

1.2.1 Koop goedere op krediet van Shopleft vir R10 000.
Betaal PP Vervoer met die besigheid se debietkaart vir die aflewering hiervan, R800.

1.2.2 Betaal R200 vir herstelwerk uit die kleinkas.

1.2.3 Wind Bank dra die vaste deposito van R10 000 plus twee (2) maande rente teen 9% p.j. in die bankrekening van Ratang Handelaars.

1.2.4 Betaal die paaiment op die lening R4 400 plus R250 rente aan Kathu bank. (24)

**VRAAG 2:**

**SAMBOK WINKELS**

Die besigheid word besit deur Piet Sambok.

**GEVRA:**

2.1 Stel die volgende joernale van Sambok Winkels vir Januarie 2023 op.
**LET WEL:** Moenie die joernale afsluit nie.

Kontantontvangstejoernaal (14)

Debiteurejoernaal (8)

Debiteureafslagjoernaal (5)

**INLIGTING:**

**A.** Die besigheid gebruik ‘n winsopslag van 100% op kredietverkope en 60% op kontantverkope.

**B. TRANSAKSIES VIR JANUARIE 2023**

2 Verkoop goedere op krediet aan D. Duiker, R5 000 (kosprys, R2 500) Faktuur 001.

5 Ontvang ‘n lening van Plus Bank vir R150 000 teen 15% rente p.j.

7 D. Duiker stuur goedere met ‘n verkoopprys van R900 terug aan die onderneming omdat dit nie volgens monster nie. Kredietnota 501.

8 Kredietverkope aan A Arries, R6 000.

10 D. Duiker deponeer R4 000 in die onderneming se rekening ter volle vereffening van sy rekening tot op datum.

14 A. Arries kla dat die goedere aan haar verkoop op die 8ste beskadig is. Die besigheid stem in om ‘n vermindering van 20% aan haar toe te staan.

18 Kontantverkope van goedere met ‘n kosprys van R24 000.

23 Goedere met ‘n kosprys van R2 750 is aan D Duiker op krediet verkoop.

25 Die bankstaat van Postma Bank ontvang, toon die volgende:
- Direkte deposito van R2 000 van A Arries as gedeeltelike betaling van haar rekening.
- Rente op kredietsaldos, R1 820

**VRAAG 3 :**

3.1 **SUNSHINE WINKELS**

Die inligting hieronder is uit die rekeningkundige rekords van Sunshine Winkels gedurende Februarie 2023 geneem.

**GEVRA:**

3.1.1 Boek die onderstaande inligting na die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van Sunshine Winkels oor. Saldeer die rekeninge waar van toepassing.

- Onttrekkings (2)
- Voertuie (2)
- Handelsvoorraad (9)
- Krediteurekontrole (9)
- Skryfbehoeftes (6)

3.1.2 Voorsien TWEE redes hoekom dit nie 'n goeie idee is om te veel voorraad voorhande te hou nie. (4)

3.1.3 Dink jy Sunshine winkels het genoeg voorraad voorhande? Gee EEN rede. (2)

**INLIGTING:**

**A Saldo's in die Algemene Grootboek op 1 Februarie 2023:**

| | **R** |
|---|---:|
| Onttrekkings | 5 210 |
| Voertuie | 250 000 |
| Handelsvoorraad | 57 380 |
| Krediteurekontrole | 11 722 |
| Skryfbehoeftes | 1 780 |

**B OPSOMMING VAN JOERNALE VAN SUNSHINE WINKELS VIR FEBRUARIE 2023**

**KONTANTBETALINSJOERNAAL** **KBJ 2**

| **Bank** | **Handels voorraad** | **Skryf behoeftes** | **Krediteure kontrole** | **Korting ontvang** | **Diverse rekeninge** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 179 203 | 87 733 | 6 240 | 53 880 | 3 880 | 3 000 | Onttrekkings |

**KREDITEUREJOERNAAL** **KJ 2**

| **Krediteure kontrole** | **Handels voorraad** | **Skryf behoeftes** | **Voertuie** | **Verbruiks goedere** | **Diverse rekeninge** |
|---|---|---|---|---|---|
| 226 405 | 90 755 | 11 750 | 100 000 | 8 200 | 15 700 |

**KREDITEUREAFSLAGJOERNAAL** **KAJ 2**

| **Krediteurek ontrole** | **Handels voorraad** | **Skryf behoeftes** | **Toerusting** | **Verbruiks goedere** | **Diverse rekeninge** |
|---|---|---|---|---|---|
| 13 900 | 7 200 | 3 000 | 1 000 | 1 000 | 1 700 |

3.2 **DENNIS HANDELAARS**

Jy word voorsien van inligting in verband met Putco Verskaffers (KG2) ‘n krediteur van Dennis Handelaars.

**GEVRA:**

Voltooi die rekening van Putco Verskaffers in die Krediteuregrootboek van Dennis Handelaars. (10)

**INLIGTING:**

Saldo op 1 Januarie 2023, R15 200.

**TRANSAKSIES: Januarie 2023**

4 Beskadigde goedere met ‘n waarde van R2 600 was aan Putco Verskaffers teruggestuur. Debietnota 341

8 Ontvang ‘n kredietfaktuur (hernommer 1131) van Putco Verskaffers vir goedere gekoop, R13 200 min 8% handelkorting.

15 Maak ‘n EFO betaling van R18 000 aan Putco Verskaffers ter vereffening van hul rekening van R18 200.